**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 26 NOVEMBER 2025 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

### LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

### ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingekskakel)* |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste *(waarnemende Munisipale Bestuurder)* |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. J Erasmus | : | Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste *(waarnemende Direkteur* |
| | : | *Tegniese Dienste)* |
| Me. W Prins | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. M Mseleni | : | Hoof: Interne Oudit |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste *(sluit om 09:09 aan)* |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Me. A Joubert | : | Omgewingsbeplanningbestuursbeampte *(virtueel ingeskakel)* |
| Mnr. W Burger | : | Senior Tegnikus: Siviele Ingenieursdienste *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. RC Gerber | : | Komitee Beampte |

***

**AKSIE**

**BKN028/11/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

The Chairperson welcomed everyone present at the meeting, whereafter the Chief Audit Executive opened the meeting with a prayer in isiXhosa.

***

**BKN029/11/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Speaker – afwesig met verskoning (SALGA National Members' Assembly)
Raadsheer Du Plooy – afwesig met verskoning (SALGA National Members' Assembly)
Munisipale Bestuurder – afwesig met verskoning (SALGA National Members' Assembly)
Direkteur Tegniese Dienste – siekverlof

Raadslid Moolman is virtueel ingeskakel

***

**BKN030/11/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN031/11/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 28 OKTOBER 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 28 Oktober 2025 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN032/11/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING: DINSDAG 28 OKTOBER 2025**
**3/3/2/2**

***(Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

BKN038/10/2025

Op navraag van Raadsheer Daniels met betrekking tot die terugvoer van die Direkteur Gemeenskapsdienste, rapporteer die waarnemende Munisipale Bestuurder dat 'n voorgestelde addendum opgestel is en dat die Munisipale Bestuurder en die Direkteur Finansiële Dienste se insette nog aangevra sal word.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 28 Oktober 2025.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN033/11/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 28 OKTOBER 2025**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN034/11/2025**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN035/11/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Verklarings/mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester:

- Die Voorsitter rapporteer dat twee jong kinders tragies oorlede is in 'n brand gedurende die afgelope naweek en het sy dank uitgespreek aan die Wyksraadslid, Raadsheer Daniels, wat die familie besoek het. Hy wens die vader sterkte toe met die herstelproses; en
- Dat die voorlopige uitkoms van die oudit positief lyk en dat die amptelike skrywe van die Ouditeur-Generaal verwag word.

Verklarings/mededelings deur die waarnemende Munisipale Bestuurder:

Geen

***

**BKN036/11/2025**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN037/11/2025**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN038/11/2025**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFSBEGROTING**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN039/11/2025**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: (RAADSHEER WESSELS)**
**BYWONING VAN PRYSUITDELINGSFUNKSIE 2025: KASSIERE**
**9/1/2**

Raadsheer Wessels lei die item kortliks in. Hy het die Komitee meegedeel dat 'n versoek ingedien is om te oorweeg om die kassiere toe te laat om die Prysuitdelingsfunksie wat geskeduleer is vir Vrydag 12 Desember 2025, by te woon. Die kassiere word oor die algemeen van geleenthede en funksies uitgesluit weens operasionele vereistes.

Verskeie voorstelle word deur die Komitee bespreek, waarna die Komitee in beginsel ooreenkom dat die kassiere van Finansies en Gemeenskapsdienste die Prysuitdelingsfunksie op Vrydag 12 Desember 2025 mag bywoon, mits alternatiewe reëlings deur die Direkteur Finansiële Dienste en Direkteur Gemeenskapsdienste goedgekeur en betyds aan die publiek gekommunikeer word.

**BESLUIT**

Dat die kassiere van Finansies en Gemeenskapsdienste die Prysuitdelingsfunksie op Vrydag 12 Desember 2025 mag bywoon, mits alternatiewe reëlings deur die Direkteur Finansiële Dienste en Direkteur Gemeenskapsdienste goedgekeur en betyds aan die publiek gekommunikeer word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE EN DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN040/11/2025**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: (RAADSLID MOOLMAN)**
**ATLANTIC SANDS RIOOLSTELSEL**
**16/4/1**

Raadslid Moolman lei die item kortliks in. Hy rapporteer dat hy oorval word met navrae en klagtes rakende probleme wat met die rioolstelsel ondervind word. Hy stel voor dat 'n ondersoek ingestel word ten einde die oorsake van die probleme vas te stel.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**BESLUIT**

Dat Raadsheer De Vries na afloop van die vergadering die aangeleentheid opvolg en terugvoering aan Raadslid Moolman voorsien.

***RAADSHEER DE VRIES***

***

**BKN041/11/2025**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: (RAADSHEER DE VRIES)**
**AANPASSING VAN VERORDENING TEN OPSIGTE VAN DIE LEWERING VAN WATERDIENSTE OP DIE MORAWIESE DORPE**
**16/1/1**

Raadsheer De Vries lei die item breedvoerig in. Die volgende punte word uitgelig:

- Dat die huidige verordening nie voldoende gesag aan die Munisipaliteit gee om op te tree teen die swak waterkwaliteit in Morawiese dorpe nie. Die Kerk, wat tans verantwoordelik is, voldoen nie aan diensleweringsvereistes nie;
- Dat onlangse wateranalises toon ernstige afwykings van gesondheids- en veiligheidsstandaarde. Weskus Distriksmunisipaliteit het onlangs aangedui

dat hulle voortaan net elke ses maande sal toets, wat onvoldoende is, gegewe die swak waterkwaliteit in die Morawiese dorpe; en

- Hy rig ‘n versoek vir die dringende aanpassing van die verordening om die Munisipaliteit in staat te stel om doelgerig met die Kerk te kommunikeer en in te gryp waar nodig.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat ’n verslag ten opsigte van die aangeleentheid voorgelê word by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering geskeduleer vir Dinsdag 09 Desember 2025.

***RAADSHEER DE VRIES EN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN042/11/2025**
**<u>VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: (RAADSLID MOOLMAN) TUINVULLIS - VELDDRIF</u>**
**16/5/1**

Raadslid Moolman lei die item in en stel aan die Komitee voor die ongelukkigheid in die Velddrif gemeenskap oor die tariewe vir die storting van tuinvullis.

Raadsheer De Vries verduidelik die stelsel aan die Komitee. Hy wys daarop dat Velddrif nie oor ’n stortingsterrein beskik nie en dat afval tans by die rioolaanleg se terrein gestort word, wat ongeskik en ondoelmatig vir dié doel is. Hy verduidelik verder dat die tariewe bepaal dat, wanneer gewone tuinvullis afgelaai word, geen betaling vereis word nie. Indien daar egter stompe of groot stukke hout afgelaai word wat nie gekap of verwerk kan word nie, is ’n tarief betaalbaar volgens die gewig daarvan, soos uiteengesit in die Tariefbeleid.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterkomitee indringend besoek aflê by die Velddrif stortingsterreine ten einde die hantering van die terreine te ondersoek.

***RAADSHEER DE VRIES EN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN043/11/2025**
**<u>TERUGVOER VANAF PORTEFEULJE VOORSITTERS OOR EKSTERNE VERGADERINGS BYGEWOON EN TERUGVOER RAKENDE EEN-OP-EEN MET RELEVANTE DIREKTEURE</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en gee geleentheid aan die Portefeulje Voorsitters om terugvoering te gee aan die Komitee.

<u>Tegniese Dienste</u>

Geen

<u>Gemeenskapsdienste</u>

Geen

<u>Finansiële Dienste</u>

Geen

<u>Korporatiewe Dienste</u>

Geen

<u>Uitvoerende Burgemeester</u>

Geen

***

**BKN044/11/2025**
**STRATEGIC SESSION OF THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER: 29 OCTOBER 2025**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Strategic Session held by the Office of the Municipal Manger on 29 October 2025.

***

**BKN045/11/2025**
**INERNAL AUDIT REPORTS: EUNOMIA COMPLIANCE REPORT AND INSURANCE, INCIDENT AND ACCIDENT REPORT: OCTOBER 2025**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Eunomia Compliance Report and the Insurance, Incident and Accident Report for October 2025.

***

**BKN046/11/2025**
**DRAFT ENVIRONMENTAL MANAGEMENT FRAMEWORK (EMF) FOR ENDORSEMENT BY COUNCIL TO PROCEED WITH PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**
**15/1/5/21 - EMF**

Councillor Moolman introduced the item. Additional information was provided by the Environmental Planning Management Officer.

The Director Corporate Services referred the Committee to the summary of the content of the document on page 58 of the agenda. He further requested the Committee to work through the document in preparation for the public participation process and that any uncertainties be dealt with during the process.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That Council endorse the draft EMF to undergo public participation end of January 2026; and
2. That Council note that the final EMF with the incorporated comments from the second round of public participation will again be presented to Council for final endorsement in April 2026.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**BKN047/11/2025**
**CONFERMENT OF CIVIC HONOURS POLICY**
**3/B**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That the Conferment of Civic Honours Policy, attached as Annexure A, be approved by Council.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

***(Die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste verlaat die vergadering om 09:44)***

**BKN048/11/2025**
**ALLOCATION FOR THE CONSTRUCTION OF PELLA PARK B-FIELD, PORTERVILLE**
**17/5/2**

Raadsheer Wessels lei die item breedvoerig in.

Verskeie vrae, insettte en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That an amount of R 2million (VAT excl.) be made available on the 2026/27 budget of Council and ringfenced for this purpose.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**BKN049/11/2025**
**ALLOCATION FOR THE ESTABLISHMENT OF AN OUTDOOR GYM - NOORDHOEK**
**17/5/2**

Alderman Wessels introduced the item.

The Chairperson mentioned that he is currently in discussions with Minister McKenzie regarding this matter.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That Council approves Erf 688 as the location for the outdoor Gym.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**BKN050/11/2025**
**UTILIZATION OF THE KIOSKS AT THE BEACH RESORTS**
**17/7/4/1**

Alderman Daniels introduced the item.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the kiosks at the beach resorts no longer be utilized as an outlet for selling small items such as non-alcoholic beverages and refreshments, snacks and takeaway meals;
2. That the kiosks rather be repurposed for use as a storage facility; and
3. That the kiosks also be made available as a storage facility for use by the lifeguards during the annual festive season and easter period.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

***(Die Hoof: Interne Oudit en Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite verlaat die vergadering om 10:03)***

**BKN051/11/2025**
**REGISTRATION OF THE PIKETBERG ASBESTOS WATER PIPELINE REPLACEMENT PROJECT**
**16/1/1**

Raadsheer De Vries lei die item breedvoerig in. Addisionele inligting word gelewer deur die Senior Tegnikus: Siviele Dienste.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die item verwys word na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering geskeduleer vir Dinsdag 09 Desember 2025; en

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

2. Dat die projekplan ingesluit word by die verslag.

***

**BKN052/11/2025**
**ACTION PLAN REGARDING THE IMPLEMENTATION OF THE RECOMMENDATIONS MADE BY IX ENGINEERS IN THE INVESTIGATION INTO THE WATER OUTAGE IN PIKETBERG**
**16/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council takes note of the Action Plan.

***

**BKN053/11/2025**
**VLOOTBESTUUR: MAANDVERSLAG SEPTEMBER 2025**
**2/2/3**

Die Voorsitter lei die item in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die verslag.

***

**BKN054/11/2025**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED: FRIDAY 05 SEPTEMBER 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Minutes of the Risk Management Committee meeting held on Friday 05 September 2025 be noted.

***

**BKN055/11/2025**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN056/11/2025**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN057/11/2025**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN058/11/2025**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN059/11/2025**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:27***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** ***DATUM***

***